



# Polis kan erflating kelder

Lewenspolisse is 'n maklik en goedkoop manier om vir genoeg kontant in 'n boedel te sorg. Maak egter seker dit word in berekening gebring by 'n behoorlike boedelbeplanning.

**O**ns weet almal lewenspolisse speel 'n baie belangrike rol in ons finansiële beplanning. Indien om geen ander rede nie, dan vir die gemoedsrus dat daar (mits daar reg beplan is) genoeg geld in die boedel beskikbaar sal wees om boedelverpligtinge na te kom.

Die tekort aan kontant in 'n boedel is een van die grootste redes waarom boedels nie afgehandel kan word nie. Dit kan ook 'n stokkie steek voor enige bemaking, want boedelverpligtinge, skuld, belasting en sterfbedkoste moet eers betaal word voor erflatings kan oorgaan. As daar nie genoeg geld is nie, kan vaste eiendom, byvoorbeeld die plaas, verkoop word.

Lewenspolisse is 'n nuttige en goedkoop manier om vir genoeg kontant in die boedel te sorg. 'n Belastinglang skuil egter ook in hierdie gras. As jy nie katvoet loop nie, kan die polis juis die rede wees vir 'n geldtekort in die boedel en kan dit jou erflating kelder.

Voor ek by die tegniese bespreking van die probleem kom, laat ek net eers 'n belangrike punt oor polisse en finansiële beplanning, of dan boedelbeplanning, aanraak. Ek kan verstaan dat mense in goeie trou en met die versorging van naasbestaendes in gedagte 'n polis of twee koop. Dit op sigself is egter in 'n groot mate betekenisloos as dit nie deel vorm van 'n behoorlike finansiële plan nie.

Maak seker jou finansiële plan vat al die los elemente ten opsigte van jou boedel, po-

lisse, jou testament, en beleggings saam in 'n sinvolle geheel. As jy ernstig is oor jou geld en jou geliefdes, kry 'n kundige finansiële beplanner om jou by te staan.

### MAAK DIE SOMME

Kom ons kyk na 'n enkele onbedoelde gevolg wat 'n lewenspolis op jou boedelbeplanning kan hê. Om my argument te verduidelik, gebruik ek eenvoudige syfers.

Kom ons sê jy bemaak bates, byvoorbeeld vaste eiendom, ter waarde van R3,5 miljoen aan 'n familietrust. Hierdie bedrag is gelykstaande aan die bedrag wat kwytsgekeld is van boedelbelasting.

Jy bemaak die restant aan jou vrou (alles wat oorbly nadat boedelverpligtinge nagekom is, soos skuld en belasting, en die bemaking van die vaste eiendom aan die familietrust). Dit is vir haar verdere voorsiening en onderhoud.

Vir jou dogter het jy 'n lewenspolis uitge neem vir R2 miljoen en die polis is aan haar begunstig. Dit betaal dus regstreeks aan haar uit en gaan nie deur jou boedel nie. Terloops, ek hoor ook van agente wat sê 'n polis wat buite die boedel uitbetaal, is ook nie vatbaar vir boedelbelasting nie. Dit is twak, soos wat ek hier onder verduidelik.

Wanneer ons die boedelbelastingssom doen, sien ons die netto boedel – ná alle aftrekkings, waaronder jou bemaking aan jou vrou – is in hierdie geval R3,5 miljoen (uitgesluit die polis om my voorbeeld te illustreer). Omdat R3,5 miljoen kwytsgekeld

is, is geen boedelbelasting in hierdie boedel betaalbaar nie.

Maar die polis, sê die wet, word geag 'n bate te wees en as sulks is dit vatbaar vir boedelbelasting. Dit bring die (werklike) netto boedel te staan op R5,5 miljoen. Trek nou die vrygestelde bedrag van R3,5 miljoen daarvan af en jy sit met 'n belasbare boedel van R2 miljoen (weens die polis). Die boedelbelasting daarop is R400 000 (teen 20%).

Hier is nou die dilemma. Die wet sê die begunstigde van die polis moet pro rata die boedelbelasting betaal wat deur die polis vereis word. Die pro rata-gedeelte word bereken op die werklike netto boedelwaarde (R5,5 miljoen), polis ingesluit.

Dit beteken die polisbegunstigde moet net R145 455 van die boedelbelasting van R400 000 opdok wat deur die polis vereis word. Die grootste deel – R254 545 – moet deur die boedel self betaal word, en dít nadat jy juis so noukeurig bemakings gedoen het om te voorkom dat boedelbelasting betaalbaar is.

Die addisionele boedelbelasting gaan uit die restant betaal moet word, dus uit die bedrag wat jy aan jou vrou bemaak het. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

**NAVRAE:** Nico van Gijsen, **e-pos:** nico@finlac.com, tel. **021 461 2067.**